Teksgedeelte: Lukas 15:11-32

Tema: God se Vaderliefde verander ons om passievolle gelowiges te wees.

Wêreldwyd is predikante, ouderlinge en ander kerklike leiers bekommerd oor die geestelike verval en louheid wat daar onder gelowiges is. Wêreldwyd is geestelike apatie besig om toe te neem. Selfs in ons eie land is dit sterk aan die toeneem. Op hierdie stadium is ons kerkverband besig om te krimp met ongeveer 3 gemiddelde grootte gemeentes per jaar – en dit word ook beleef in die NG Kerk en Hervormde Kerk. Sommige navorsers is selfs van mening dat die grootste geestelike verval in die wêreld te vinde is onder die Afrikanervolk.

Ons as kerkraad is bekommerd oor hoe sake staan. Daarom dat ons saam met die gemeente wil dink oor die pad vorentoe. Daarom dat ons konferensies, soos *From Embers to a Flame*, bywoon en ander konferensies aanbied. Die kerk wie ons liefhet is nie gesond nie en daarom wil ons alles in die stryd werp om haar geloof te versterk en aan te wakker. Met alles in ons wil ons graag hê dat sy haar Verlosser, Jesus Christus, met vrug en met ywer beter leer ken.

Die vraag is egter, wat is die oplossing hiervoor? Is daar twaalf of sewe stappe wat ons as kerk kan volg om weer `n lewende gemeente te wees? Is daar `n sekere program wat ons kan deurwerk om ons harte weer warm te maak uit hierdie geestelike louheid?

Nee! Om deur `n program te werk of om twaalf of sewe of selfs net drie “stappe” tot geloofsgroei te volg, is bloot maar weer net iets wat ons as mense moet doen om ons beter christene te maak. Dit is dan wat ons spreekwoordelik `n motorwrak neem, dit `n laag verf gee en dink dat dit sonder `n enjin en wiele die F1 gaan wen. Dit is weer net iets wat ons uit ons menslike onvermoë moet probeer doen, sodat God ons dit sal skuld om ons te sien as beter gelowiges.

Daar is `n ander weg. Daar is `n ander manier hoe ons van hierdie geestelike louheid ontslae kan raak. Ons vind dit in Lukas 15! Dit is juis hier waar ons weer die wonderdaad van God se liefde en genade hoor.

Ons hoor reeds aan die begin van Lukas 15 dat Jesus Christus besig was om die mense te leer en dat daar dan `n aantal skrifgeleerdes en Fariseërs beswaar maak teen die feit dat Jesus Christus met die tollenaars en die sondaars omgaan. Jesus vertel dan vir die tollenaars, sondaars as ook vir die skrifgeleerdes en die Fariseërs hierdie drie gelykennisse – dié van die verlore skaap, die verlore munstuk en wat ons ken as die verlore seun. In die eerste twee gelykenisse verduidelik Jesus aan die skrifgeleerdes en Fariseërs in kort dat Hy juis gekom het vir dié wat verlore was, vir die sondaars. In die derde gelykenis, dié van die verlore seun, is daar egter twee seuns! Jesus maak nou ook `n voorbeeld van die skrifgeleerdes en die Fariseërs en betrek hulle by Sy gelykenis, want Hy het immers ook vir hulle kom sterf!

Wanneer Christus begin om die gelykenis te vertel, hoor ons eerstens van die jonger seun. Ons hoor hoe hy in wese sy Pa dood gewens het, deurdat hy sy erfporsie gevra het. Ons hoor hoe hy sy erfporsie op `n losbandige lewenstyl deurgebring het en hoe hy met die onreine – die varke –gemeng het om net te oorleef. Hierdie jongste seun doen basies alles moontlik om onrein te leef, om alle wette te breek en om die mense rondom hom goed kwaad te maak. Sy broer verwys selfs later na hom bloot as "hierdie seun van pa"! Dit is wanneer die seun daar in die diepste verlorenheid sit, wat hy tot inkeer kom en besluit dat hy terug sal gaan na sy Pa se huis. Dit is dan wat hy besef dat hy terug kan gaan – selfs dalk net as `n slaaf – maar dat hy daar kos, klere en slaapplek kan kry.

Kom hy egter werklik tot inkeer daar waar hy by die varke sit? Nee, want dit gaan vir hom oor dit wat hy van sy Pa kan kry en nie oor sy verhouding met sy Pa nie! Hy het reeds aan die begin vir sy Pa bloot vir sy erfporsie gevra, ongeag hoe sy Pa oor die saak voel en in sy oordadige liefde het die Pa vir hom sy deel van die erfporsie gegee. Nou dat hy niks meer het nie, wil hy terug gaan na sy Pa toe – nie omdat hy na sy Pa verlang nie, maar omdat hy iets van sy Pa wil hê!

Aan die ander kant is daar die ouer broer. Hy wat al die jare soos `n slaaf vir sy Pa gewerk het en wat nooit een van sy Pa se opdragte verontagsaam het nie. Hy was tot die letter toe gehoorsaam aan sy Pa. Maar ook sy gehoorsaamheid aan sy Pa het nie gegaan oor sy verhouding met sy Pa nie. Dit het nie vir hom daaroor gegaan dat hy sy Pa lief het nie. Ook vir hom het dit gegaan oor dit wat hy van sy Pa kon kry! Juis daarom dat hy só woedend is wanneer sy Pa vir die jonger broer klere gee en die vetgemaakte kalf geslag het. Die ouer broer was selfsugtig. Hy het in wese net aan homself gedink en oor dit wat hy uit sy gehoorsaamheid van sy Pa kon kry. As hy werklik `n ouer broer vir sy broer en `n seun vir sy Pa was, sou hy agter die jonger broer aangegaan het en op sy onkoste sy broer terug gebring het na die huis toe – dit was immers sy rol as oudste seun om die familie bymekaar te hou!

Ironies genoeg is dit juis die ouer broer wat die "verlore seun" is, want aan die einde van die gelykenis staan hy buite sy pa se huis terwyl sy jonger broer deel in die fees wat daar vir hom gegee is. Die jonger broer het weer onder die indruk van sy pa se oordadige liefde gekom en juis dit het veroorsaak dat die jonger broer die pa liefkry bloot vir wie die pa is. Die ouer broer, daarteenoor, was só behep met sy eie erfporsie en die geld wat hy van sy pa kan kry, dat hy die wonderlike, onbegryplike liefde van sy pa misgekyk het.

Wanneer ons hierdie gelykenis hoor, is dit vir ons duidelik op wie Jesus sinspeel met die jonger en die ouer seun. Die jonger seun word gebruik vir die tollenaars en sondaars terwyl die ouer seun gebruik word vir die skrifgeleerdes en Fariseërs. Alhoewel hierdie twee "groepe" Jode se maniere en gebruike en selfs godsdiens baie van mekaar verskil, het hulle een ding in gemeen – dit gaan nie meer vir hulle oor hulle verhouding met God nie, maar oor dit wat hulle van God kan kry! Hulle het nie meer vir God lief vir wie Hy is nie, maar hulle probeer op verskillende maniere die

ewige lewe by God verdien. Dit gaan vir hulle meer oor die hemel en die ewige lewe as wat dit vir hulle oor God gaan.

Die tollenaars en die sondaars probeer dit verdien deur hulle sonde en dan oppervlakkige “bekering”. In hulle lewe die houding dat hulle mos nou – selfs al is dit net met woorde – bekeer het van die verkeerde wat hulle doen en dat God hulle dit nou skuld om vir hulle die ewige lewe te gee. Hulle probeer `n weegskaal speletjie met God speel waarin hulle bekering van die mond opgeweeg word teen die ewige lewe – solank hulle net telkens weer sê dat hulle jammer is en dat hulle gesondig het word die skaal gelyk gehou.  Van `n nuwe lewe, van `n dieper verhouding met God is daar nie veel sprake van nie en in wese stel hulle nie werklik eers belang in God nie, solank hulle die ewige lewe kan kry.  Hulle het nie God lief vir wie Hy is nie, bloot omdat dit volgens hulle nie nodig is om werklik in `n liefdesverhouding met God te staan om die ewige lewe te verkry nie – hulle moet net hulle sonde bely.

Die skrifgeleerdes en Fariseërs probeer weer die ewige lewe of die hemel verdien deur hulle gehoorsaamheid. Hulle sal die wet van die Here tot op die letter van die woord navolg, net sodat hulle eendag in die hemel kan kom. In hulle lewe die houding dat God hulle iets skuld, omdat hulle só voorbeeldig is en só gehoorsaam lewe. Ook by hulle is daar nie veel van `n liefdesverhouding met God nie – dit is mos nie nodig om elke dag liewer vir God te wees nie om die ewige lewe te verkry!  Hulle is ook nie getraak met `n jonger broer se verhouding met hulle Vader nie, want in wese maak dit nie vir hulle saak nie. Geloof is nie net `n persoonlike saak nie, dit is ook `n private saak vir hulle. So lank as wat hulle net gehoorsaam is en die Pa vir hulle die ewige lewe skuld, is hulle gelukkig.

Beide van hierdie groepe sien ons vandag nog onder gelowiges! En as julle dit nie wil glo nie, luister maar na hoe ons praat en hoe ons bid! Dit word veral duidelik wanneer ons oor die hemel of die ewige lewe praat en dit deurskemer dat dit vir ons meer daaroor gaan om weer by ons oorlede geliefdes te wees as wat dit daaroor gaan dat ons die volle teenwoordigheid van God wil beleef. Dit word duidelik wanneer iemand sê hoe wonderlik dit net in die hemel gaan wees en watter wonderlike tyd en ewigheid ons daar gaan beleef. Oor die feit dat die ewige lewe en die hemel oor God en sy eer gaan, is daar nie veel sprake nie. Die nuwe hemel en aarde gaan dan nie vir ons daaroor dat ons tot in ewigheid God gaan loof en prys nie, maar oor hoe lekker dit vir ons gaan wees!

Vir die een groep (die “sondaars” en “tollenaars”) gaan dit daaroor dat jy elke aand of oggend móét bid dat God jou sondes sal vergeef, want net nou sterf jy in jou slaap en daar is dan van jou sondes wat nie vergewe is nie. Van Christus se volmaakte offer aan die kruis op Golgota is daar dan nie veel nie. Van die nuwe harte wat die Heilige Gees aan ons gee om die wil van God te gehoorsaam uit dankbaarheid is daar nie eens `n skynsel van nie en van liefde vir ons hemelse Vader is daar geen teken van nie.

Vir die ander groep (die “skrifgeleerdes” en “Fariseërs” onder ons) gaan dit weer daaroor dat jy elke Sondag in die erediens móét wees, dat jy op `n sekere manier móét aanbid en dat jy die wet móét nakom, anders is jy ongehoorsaam en weet jy nie of jy die ewige lewe sal erf nie. Van Christus se volmaakte offer aan die kruis op Golgota is daar dan nie veel nie. Van die nuwe harte wat die Heilige Gees aan ons gee om die wil van God te gehoorsaam uit dankbaarheid is daar nie eens `n skynsel van nie en van liefde vir ons hemelse Vader is daar geen teken van nie.

Tussen die groep jonger seuns en die groep ouers seuns, tussen die ongehoorsames en die gehoorsames vind ons die Pa. Vind ons ons hemelse Vader. Hy wat oordadig is in Sy liefde; Hy wat ons raak sien, ons innig jammer kry en na ons toe aangehardloop kom , wat ons omhels en ons soen. Daar vind ons God, ons hemelse Vader, wat in Sy groot, oordadige liefde vir ons `n ouer Broer gegee het wat ons met ons Pa versoen het. Daar vind ons God wat nie net van Sy besittings gegee het nie, maar wat Sy enigste Seun gegee het sodat ons weer in `n verhouding met Hom kan staan. Daar vind ons en hoor ons van ons liefdevolle Pa wat ons liefhet ongeag ons tekortkominge, ongeag ons ongehoorsaamheid of super gehoorsaamheid weens die verkeerde redes. Daar vind ons God wat ons nie as `n slaaf terug ontvang nie, maar as Sy kind!

Daar vind ons vir Jesus Christus – ons ouer broer. Die jonger broer in die gelykenis het nie werklik `n ouer broer gehad nie. Die ouer broer wou nie op sy eie onkoste sy jonger broer terug bring na die Vaderhuis toe nie. Maar ons het `n ouer Broer! `n Ouer Broer wat nie net op sy eie onkoste ons terug bring nie, maar wat ten koste van Homself ons terug gebring het na die Vaderhuis. Hy het Homself leeg gemaak, mens geword, Homself oorgelewer om só ons weer terug te bring na die Vader huis. Daar, in Christus vind ons die weg, die waarheid en die lewe.

Daar vind ons die Heilige Gees wat in ons werk! Daar hoor ons dat God aan ons die Heilige Gees gee om vir ons nuwe harte te gee, sodat ons nou gehoorsaam sal wees aan die Vader. `n Gehoorsaamheid wat gebore word uit ons liefde vir ons hemelse Pa en nie uit bymotiewe nie. `n Gehoorsaamheid waartoe God ons geroep het, waarvoor God ons gewillig en bekwaam gemaak het. `n Gehoorsaamheid wat ons roep om elke dag te groei in ons verhouding met ons ware ouer Broer, Jesus Christus.

Dis eers wanneer ons God só leer ken, wat ons sal kan breek met die geestelike louheid wat ons beleef. Dis eers wanneer ons God leer ken bloot omdat ons Hom liefhet, wat ons harte warm sal klop vir Hom. Dis eers wanneer ons God lief het vir Wie Hy is, wat ons elke dag sal groei in ons verhouding met God en wat ons gehoorsaam sal wil wees.

Amen